FSA & ETIESE BEHEERGROEP BERAADSLAAG OOR SIZA SE TOEKOMS

# NUUS

APRIL 2015

## FSA en EBG beraadslaag oor SIZA se toekoms

Direkteure van Vrugte Suid-Afrika (FSA) en lede van die Etiese Beheergroep (EBG) het op Woensdag 15 April bymekaargekom om te beraadslaag oor die koers wat die SIZA-onderneming in die toekoms moet inslaan. Die EBG het hierdie vergadering byeengeroep om bowenal te verseker dat daar ooreenstemming is met betrekking tot die daaglikse bestuur van die SIZA-program, sy hulpmiddels en die algehele strategie wat deur FSA vasgestel is. Dit was die eerste gesamentlike vergadering wat deur albei groepe bygewoon is. Daar is melding gemaak van leemtes in kommunikasie en apologie is daarvoor aangeteken; kwessies is ook aangeroer, oorweeg en oplossings is voorgestel. Gesprekvoering was openhartig en meestal positief, wat die behoefte aan meer direkte en duidelike kommunikasie en konsultasie met alle belanghebbendes beklemtoon het.

In daardie luim het FSA en die EBG besluit om die volgende stappe vir die pad vorentoe oor te dra:

1) ‘n SIZA-Bestuurspan is saamgestel – uit lede van die EBG en die FSA-Raad – en sal op ‘n gereelde basis (aanvanklik tweeweekliks) vergader. Die eerste vergadering het reeds op 20 April 2015 plaasgevind.
2) Daar is ooreengekom dat, hoewel dit ‘n verpligting van die FSA-Raad is om te verseker dat SIZA selfonderhoudend en lewensvatbaar moet word (en die Raad verantwoordbaar gehou sal word vir FSA-lede se belegging in SIZA tot op hede); SIZA meer onafhanklik van FSA sal moet bedryf word (bv. as ‘n afsonderlike maatskappy). Die eerste taak van die SIZA-Bestuurspan is om ‘n proses daar te stel waarvolgens SIZA uit sy huidige posisie binne FSA tot ‘n onafhanklike entiteit verhef sal word. Hierdie nuwe entiteit sal die etiese handelstandaarde, sowel as die omgewingstandaarde wat tans ontwikkel word, huisves. ‘n Voorstel vir die toekomstige struktuur van SIZA kan binne die volgende paar weke verwag word.
3) FSA erken die belangrike rol van die multi-belanghebbende EBG en die waardevolle insette en bydraes wat deur ‘n wye verskeidenheid partye gelewer is. Die opdrag aan die EBG (of ‘n gelykwaardige instansie) sal geformaliseer word as deel van die proses waarin die SIZA-struktuur ondersoek gaan word.
4) Die tweede taak van die SIZA-Bestuurspan is om koördinasie en kommunikasie te verseker rondom die gelyklopende prosesse, naamlik die bepaling van die toekomstige struktuur van SIZA (soos hierbo) en die aanstelling van ‘n SIZA-bestuurder – ‘n posisie wat onlangs geadverteer is.
5) Colleen Chennells, die huidige bestuurder van die SIZA-program, se kontrak verstryk in Junie 2015. Colleen het gelukkig aangedui dat sy gretig is om na Junie betrokke te wees by die ontwikkeling van SIZA

en reëlings is getref om dit te verseker. Die presiese rol wat Colleen sal vervul hang gedeeltelik af van die aanstelling en hoedanigheid van die nuwe bestuurder, maar SIZA is baie dankbaar teenoor Colleen dat sy haarself beskikbaar stel op die pad vorentoe.

6) Daar is klem gelê op die feit dat die implementering van die SIZA-inligtingsplatform voorkeur geniet. Dit is aangenaam om te berig dat Fase 1 van dié ontwikkeling afgehandel is en dat nuwe lede nou op die SIZA-webwerf (www.siza.co.za) kan registreer en vraelyste ('self-assessment questionnaires' of SAQ) aanlyn kan voltooi, maar daar word ook 'n niegekoppelde SAQ-keuse gebied. Fase II (verslaggewing oor oudits en Regstellende Aksie en die oorplasing van inligting rakende SAQ en Ouditverslae vir huidige lede) is goed op dreef en sal teen die einde van Julie 2015 afgehandel word. Algehele ontwikkeling is effens vertraag, hoofsaaklik omdat meer tyd benodig word om die stelsel in samewerking met besige vrugteprodusente te toets en om bykomende databeveiliging te verseker. Die span wat betrokke is by die ontwikkeling van die projek was andersins baie tevrede met die vordering van die inligtingsplatform en die gehalte van die werk wat verrig is, en sien uit om dit binnekort in volle werking te stel.
7) Sekere prosesse word tydelik met die hand gedoen terwyl die inligtingsplatform ontwikkel word. Dit is dus noodsaaklik om die kwessie van kapasiteit dringend aan te spreek. Die SIZA-Bestuurspan hanteer hierdie probleme en sal toepaslike voorstelle aan die hand doen.
8) SIZA en WIETA is in gesprek om wedersydse oudit-erkenning tussen die twee programme te verkry. SIZA en WIETA sal 'n vergelykende proses deur die GSCP-platform teen die einde van April afhandel. Dit maak 'n onafhanklike, internasionaal erkende en toonaangewende proses tussen die twee standaarde en hul ouditprosesse moontlik. Daarbenewens sal onafhanklike skadu-oudits uitgevoer word met betrekking tot SIZA- en WIETA-oudits, en 'n verslag sal ingedien word waarin die gehalte van die oudits beoordeel word. Dit sal teen middel Mei afgehandel wees. Die programme poog om die proses van wedersydse erkenning teen die einde van Mei af te sluit en belanghebbendes sal hieroor ingelig word.

SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

In samevatting – SIZA-belanghebbendes het laat blyk dat hulle geesdriftig is, nie net om die SIZA-program te laat werk nie – maar om dit die beste ter wêreld te maak!